

17 Mei - HERDER

Skrifgedeelte: Handeling 20:17-38

Paulus is nou per boot op pad na Jerusalem. Hy het 'n voorbode ontvang van gevangenskap en lyding wat op hom wag. Voor die ouderlinge – uit die nabygeleë Efese – wat hom in Milete kom besoek, hou hy as 't ware 'n afskeidstoetspraak. Dit kan soos volg ingedeel word: verse 18-20 handel oor die verlede, verse 22-24 oor die onmiddellike toekoms, verse 25-31 oor die verdere toekoms en verse 32-35 oor seën en vermaning.

Dit is 'n ontroerende toneel: Paulus, sy sewe reisgenote en die ouderlinge van Efese. Veral omdat Paulus die voorgevoel het dat dit die laaste ontmoeting met mekaar sal wees.

Uit wat Paulus sê, word een ding duidelik: dit gaan nie alleen daarom dát jy die evangelie uitdra nie, maar ook hoé jy dit uitdra! Paulus het in sy dienswerk niks teruggehou nie. Lukas hou Paulus aan ons voor as die modelsending. Hy is die getroue dienskneg wat onvermoeid ywer vir die uitdra van die evangelie en al die geleenthede tot sy beskikking ten volle benut; wat weet dat hy opgeneem is in God se plan en dat hy Hom onvoorwaardelik moet gehoorsaam, al gaan dit met vervolging gepaard. Hoewel hy nie lyding soek nie, aanvaar hy dit as deel van sy lewenstaak om die evangelie te verkondig (vs 24).

In alle opsigte was Paulus 'n voorbeeld van 'n goeie en getroue herder: as verkondiger van die volle raad van God (vs 29), as voorbeeld van hoe om hard te werk (vs 33-35) en as kenner en bewaarder van Jesus se woorde. Die gemeente kan hom vertrou as iemand wat uit sy hart oor Jesus met hulle praat (vs 35). Die geheim is dat Paulus weet dat hoewel hy die herder is, is hy nie die eienaar van die kudde nie. Die kudde behoort aan die Hoofherder, God self. Daarom vertrou hy die gemeente aan God toe (vs 32). Dit is vandag nog steeds 'n moeilike saak om herder te wees – om leiding te gee aan die gemeente en veral om mense te help. Nog steeds word waaksaamheid gevra. Ook in ons dae is daar wrede wolwe, byvoorbeeld predikers wat halwe waarhede en halwe leuens uitdra en predikers wat eensydig die waarheid van die Skrif belig en nie die volle raad van God tot saligheid verkondig nie. In baie vorme word God se Waarheid te kort gedoen deur geleerdes en mense van die wetenskap. Die Skrif noem hulle wrede wolwe.

Bid u ook vir die troue herders van die kuddes? Waak en bid!

Sing: Psalm 80:1

Prof F Denkema (Emeritus)